UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

| Unique number of paper<br>Unieke nommer van vraestel |
|---|
| 459828 |

UNISA

# EVI102-4 ( 459828)

Oktober/November 2003

## BEWYSREG MODULE 102

100 Punte

Tydsduur : 2 Uur

EKSAMINATORE :
EERSTE : ME K MOODLEY PROF DP VAN DER MERWE

Hierdie vraestel bestaan uit ses (6) bladsye plus instruksies oor hoe om die merkleesblad in te vul.

BELANGRIKE KENNISGEWING

AL DIE AFDELINGS IS VERPLIGTEND. AFDELING 1 BESTAAN UIT MEERKEUSEVRAE. HIERDIE VRAE MOET OP DIE MERKLEESBLAD, WAT SAAM MET U ANTWOORDBOEK AAN U UITGEREIK SAL WORD, BEANTWOORD WORD. *U MOET DIE INSTRUKSIES OOR DIE VOLTOOIING VAN DIE MERKLEESBLAD SORGVULDIG DEURLEES.* VERSUIM OM DIT TE DOEN KAN DAARTOE LEI DAT U ANTWOORDE NIE DEUR DIE REKENAAR NAGESIEN KAN WORD NIE. AFDELINGS 2 TOT 4 IS OOK VERPLIGTE AFDELINGS EN U MOET ELKEEN DAARVAN DUS BEANTWOORD. DAAR IS DUS GEEN KEUSEVRAE IN HIERDIE VRAESTEL NIE.

### AFDELING 1

BELANGRIK: HIERDIE AFDELING MOET IN GEHEEL OP DIE MERKLEESBLAD BEANTWOORD WORD. ELKE ANTWOORD TEL 3 PUNTE.

**Vraag 1**

(a) 'n Geskil aangaande die bevoegdheid van 'n getuie om te getuig word op dieselfde wyse besleg as 'n geskil aangaande die toelaatbaarheid van getuienis - gedurende 'n "verhoor-binne-'n-verhoor".
(b) 'n Openbare dokument kan, onder sekere omstandighede, slegs vir privaat gebruik bedoel wees.
(c) Die meerderheid van dokumente in die regspraktyk is privaatdokumente.
(d) Amptelike dokumente mag slegs voorsien word op bevel van die kantoorhoof van die relevante staatsdepartement.

***Antwoord 1***

(1) Slegs stellings (a) en (d) is korrek.
(2) Slegs stellings (a), (c) en (d) is korrek.
(3) Al die stellings is korrek.
(4) Slegs stellings (c) en (d) is korrek.
(5) Slegs stellings (b), (c) en (d) is korrek.

[BLAAI OM]

UNISA

**Vraag 2**

(a) Net soos in die geval van mondelinge getuienis, geld die reël by reële getuienis dat indien die getuienis nie relevant is nie, is dit ontoelaatbaar.
(b) Die hof kan die vertoning van 'n getuie, naamlik die getuie se houding en gedrag, in ag neem by die beoordeling van geloofwaardigheid.
(c) Getuienis wat die inhoud van 'n dokument probeer bewys sal op hoorsê-getuienis neerkom.
(d) Wanneer stawing vereis word, beteken dit nie dat die bewyslas beïnvloed word nie.

***Antwoord 2***

(1) Slegs stellings (a), (b) en (d) is korrek.
(2) Slegs stelling (a) is korrek.
(3) Slegs stellings (b) en (d) is korrek.
(4) Al die stellings is korrek.
(5) Slegs stelling (c) is korrek.

**Vraag 3**

(a) 'n Dokumente hoef nie eg verklaar te word wanneer 'n hof geregtelik daarvan kennis neem nie.
(b) Daar is 'n onweerlegbare regsvermoede dat 'n kind wat uit 'n wettige huwelik gebore word 'n wettige kind is.
(c) Daar is 'n weerlegbare regsvermoede dat 'n man wat erken dat hy geslagsgemeenskap gehad het met 'n vrou, die vader is van haar onwettige kind.
(d) Geheueverfrissing deur 'n getuie vind plaas gedurende kruisverhoor, wanneer die getuie nie duidelik die feite kan onthou waaroor hy kruisverhoor word nie.

***Antwoord 3***

(1) Slegs stellings (b) en (c) is korrek.
(2) Slegs stelling (c) is korrek.
(3) Slegs stellings (a) en (c) is korrek.
(4) Slegs stellings (a) en (d) is korrek.
(5) Slegs stelling (b) is korrek.

**Vraag 4**

(a) 'n Party in 'n siviele saak mag nie weier om dokumente bloot te lê wat sy in haar besit gehad het, maar nie meer in haar besit het ten tyde van die maak van die beëdigde verklaring nie.
(b) Die getuienis van 'n medebeskuldigde moet met versigtigheid benader word.
(c) Alle Suid-Afrikaanse regsreëls in verband met stawing kom van die Engelse gemenereg af.
(d) Getuienis wat normaalweg ontoelaatbaar is, word toelaatbaar indien die enigste doel daarmee is om ander getuienis te staaf.

***Antwoord 4***

(1) Slegs stellings (a) en (b) is korrek.
(2) Slegs stellings (a) en (c) is korrek.
(3) Slegs stelling (b) is korrek.
(4) Slegs stellings (c) en (d) is korrek.
(5) Nie een van die stellings is korrek nie.

**[BLAAI OM]**

**Vraag 5**

(a) 'n Vraag wat gedurende kruisverhoor gevra word kan stawingsgetuienis bied.
(b) Wanneer 'n hof iemand tot ongunstige getuie verklaar het, mag so 'n getuie kruisverhoor word deur die party wat hom geroep het.
(c) Die inhoud van 'n feitelike vermoede kan ook as omstandigheidsgetuienis beskryf word.
(d) Die gedrag van 'n beskuldigde in die hof kan soms op omstandigheidsgetuienis neerkom.

***Antwoord 5***

(1) Slegs stellings (a) en (b) is korrek.
(2) Slegs stellings (a), (c) en (d) is korrek.
(3) Slegs stelling (d) is korrek.
(4) Slegs stellings (a) en (c) is korrek.
(5) Al die stellings is korrek.

**Vraag 6**

(a) Die woord "bewysmaatstaf" handel oor die vraag na watter party die bewyslas dra.
(b) Iemand wat lei aan 'n geestesongesteldheid of verstandsverbystering sal slegs onbevoeg wees om te getuig vir die duur van die aantasting of onbekwaamheid.
(c) Die konsep van bevoegdheid fokus op die persoon en die konsep van toelaatbaarheid fokus op die getuienis van so 'n persoon.
(d) Kinders tussen die ouderdomme van 7 en 14 jaar word weerlegbaar vermoed bevoeg te wees om te getuig, terwyl kinders jonger as 7 jaar onbevoeg is om te getuig.

***Antwoord 6***

(1) Nie een van die stellings is korrek nie.
(2) Slegs stelling (c) is korrek.
(3) Slegs stellings (b) en (c) is korrek
(4) Slegs stellings (a) en (b) is korrek
(5) Slegs stellings (c) en (d) is korrek

Vraag 7

(a) Omstandigheidsgetuienis kan slegs indirekte bewys aangaande 'n feit verskaf en die howe heg derhalwe minder gewig aan hierdie tipe getuienis.
(b) Die vermoede van onskuld is 'n ware vermoede, met ander woorde, dit is bewysmateriaal wat die las om die beskuldigde se skuld te bewys geheel en al op die vervolging plaas.
(c) In 'n siviele saak wat aan die hand van omstandigheidsgetuienis beslis moet word, moet die hof se afleidings rym met al die bewese feite en moet dit die enigste redelike afleidings wees.
(d) Die hof het in S v Zuma 1995 (1) SASV 568 (CC) alle statutêre bepalings wat vermoedens skep ongrondwetlik verklaar.

*Antwoord 7*

(1) Slegs stellings (a), (b) en (c) is korrek.
(2) Slegs stelling (c) is korrek.
(3) Slegs stellings (b) en (c) is korrek.
(4) Nie een van die stellings is korrek nie.
(5) Slegs stelling (d) is korrek.

Vraag 8

(a) Die vasstelling van dae, weke en maande kan beskryf word as onmiddellik vasstelbare feite en die hof mag daarom geregtelik daarvan kennis neem.
(b) Aangesien die gemene reg dikwels obskuur kan wees, kan die howe nie daarvan geregtelik kennis neem nie.
(c) Die feit dat daar sewe dae in 'n week is, is 'n algemeen bekende feit en 'n hof kan geregtelik daarvan kennis neem.
(d) In S v Mpumlo 1986 (3) SA 485 (OK) en S v Baleka (1) 1986 (4) SA 192 (T) is bevind dat videobande reële getuienis is.

*Antwoord 8*

(1) Slegs stellings (a) en (b) is korrek.
(2) Slegs stelling (b) is korrek.
(3) Al die stellings is korrek.
(4) Slegs stellings (b) en (c) is korrek.
(5) Slegs stellings (a), (c) en (d) is korrek.

Vraag 9

(a) As die inhoud van 'n dokument bewys moet word, sal sekondêre getuienis onder sekere omstandighede aanvaar word, maar dit moet op skrif wees.
(b) Die primêre getuienis van 'n dokument is inderwaarheid die oorspronklike dokument.
(c) 'n Historiese foto wat uit 'n kunsmuseum gesteel word, kan geklassifiseer word as dokumentêre getuienis in die daaropvolgende diefstalsaak.
(d) Solank as wat iemand 'n medebeskuldigde in 'n spesifieke saak is, sal sy onbevoeg wees om vir die staat te getuig.

*Antwoord 9*

(1) Al die stellings is korrek.
(2) Slegs stellings (b) en (d) is korrek.
(3) Slegs stelling (c) is korrek.
(4) Slegs stelling (a) is korrek.
(5) Slegs stellings (a) en (c) is korrek.

Vraag 10

A1 en A2 word gesamentlik aangekla van die moord op A1 se seun. A1 en A2 is getroud met Mev A1 en Mev A2 onderskeidelik.

(a) A1 kan gedwing word om teen A2 te getuig.
(b) Mev A1 kan gedwing word om teen A1 te getuig.
(c) Mev A2 kan gedwing word om teen A2 te getuig.
(d) A2 is bevoeg om ten behoewe van A1 te getuig.
(e) Mev A2 kan gedwing word om ten behoewe van A1 te getuig.

*Antwoord 10*

(1) Nie een van die stellings is korrek nie.
(2) Slegs stellings (b) en (c) is korrek.
(3) Slegs stellings (d) en (e) is korrek.
(4) Slegs stellings (a) en (b) is korrek.
(5) Slegs stellings (b) en (d) is korrek. **[30]**

## AFDELING 2

2.1 Definieer die volgende:
2.1.1 'n Vermoede (2)
2.1.2 Die bewyslas (2)
2.1.3 Geregtelike kennisname (2)

2.2 Verduidelik wat bedoel word met "plaaslik bekende feite". (4)

2.3 Beskryf die prosedure wat in siviele sake gebruik word om te bepaal watter dokumente vir voorgestelde litigasie relevant kan wees. (10)
**[20]**

**[BLAAI OM]**

## AFDELING 3

3.1 Skryf 'n aantekening oor die medebeskuldigde as 'n getuie. (10)

3.2 Daar moet normaalweg bewys word dat 'n dokument outentiek is voordat dit in die hof toelaatbaar sal wees. Bespreek hierdie stelling volledig. (10)

**[20]**

## AFDELING 4

Let daarop dat wat hier volg fiktief is. Enige ooreenkoms met 'n situasie van die hede of verlede is suiwer toevallig.

Die voormalige vrou van 'n voormalige Suid-Afrikaanse student word een oggend dood in haar woonstel aangetref. Die bloedige toneel laat geen twyfel dat sy vermoor is nie. Verskillende stukkies bewysmateriaal word op die toneel ontdek. Dit sluit vingerafdrukke, sowel as velmonsters onder die oorledene se naels, in.

4.1 Watse tipe getuienis sal die vingerafdrukke en velmonsters daarstel (oorweeg slegs die drie breë kategorieë waarin "getuienis" normaalweg verdeel word)? Bespreek die vereistes waaraan voldoen moet word voordat hierdie getuienis deur die hof oorweeg kan word volledig. (7)

Hierdie getuienis lei die polisie na die verdagte, B. Nadat B volledig ingelig is oor al die grondwetlike regte wat hy ingevolge a 35 van die Grondwet geniet, besluit B om 'n volledige bekentenis aan die ondersoekbeampte (P) te doen. Tydens die verhoor probeer die onervare staatsaanklaer, op grond van 'n ou kopie van die Strafproseswet, om 'n geskrewe kopie van die bekentenis in te dien. Die verdediging teken beswaar aan op grond daarvan dat daar nie bewys is dat die bekentenis toelaatbaar is nie, veral in soverre daar nie bewys is dat dit vrywillig gedoen was nie. Die aanklaer reageer deur te beweer dat a 217(1)(b) van die Strafproseswet 51 van 1977 daarvoor voorsiening maak dat daar vermoed word dat 'n bekentenis vrywillig en ongedwonge, ensovoorts, gedoen is, indien dit op skrif gestel is, ensovoorts, en dat die verdediging die teendeel moet bewys.

4.2 Neem die posisie van die regter in en maak 'n beslissing oor hierdie kwessie, met volle aangifte van redes vir u beslissing. (10)

4.3 Skryf 'n kort aantekening oor die ligging van die bewyslas in strafsake, indien daar beweer word dat die beskuldigde geestesongesteld is, en dus nie toerekeningsvatbaar was vir sy dade nie. (3)

Nadat die vraagstuk oor die bekentenis afgehandel is, roep die aanklaer sy eerste getuie en, nadat sy deur die regter ingesweer is, begin hy om toepaslike vrae aan haar te stel.

4.4 Wat word hierdie stadium van die verrigtinge genoem? Watter tipe vrae kan die aanklaer aan die getuie stel, en watter tipe kan hy nie vra nie? (5)

Toe die aanklaer klaar is, kry B se regsverteenwoordiger die geleentheid om die getuienis te ondervra.

4.5 Wat word hierdie stadium van die verrigtinge genoem? Verduidelik volledig hoe hierdie stadium van die vorige stadium verskil. (5)

**[30]**

**TOTAAL: [100]**

©
Unisa 2003